

*Die logika van die geloof:
Gebed as die raakpunt tussen rasionaliteit en ervaring
by Rahner en Calvyn*

*Proefskrif ingedien deur S J P Brand
ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad
Doctor Divinitatis*

In die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof. C.J. Wethmar

November 2005

Inhoudsopgawe

<i>Dankwoord</i>	5
<i>Inleiding en vraagstelling</i>	6
1 SKEIDING TUSSEN RASIONALITEIT EN ERVARING	10
2 RAHNER SE VOORSTEL: GEBED STEL DIE VRAAG NA DIE LOGIKA VAN DIE GELOOF	26
2.1 Gebed as ‘Grundakt’ van menswees	27
2.2 Gebed as woord van God	29
2.3 Gebed as (ant)woord van die mens	32
2.3.1 Die (ant)woord as gebed van die lewe	32
2.3.2 Die uitdruklike gebed	35
2.3.3 Gebed as gebedsversoek	36
3 GELOOF EN DIE AANVAARDING VAN MENSWEES	39
3.1 Die weg van die metafisika	39
3.1.1 Die vraag na die logika van die geloof	40
3.1.2 Die antropologiese wending in die teologie	44
3.1.3 Die vraag na ‘n teologiese metode	47
3.1.4 Die transendentiaal-antropologiese metode	50
3.1.5 Die vraag na die verhouding tussen teologie en filosofie	60
3.2 Die weg van die Christologie	64
3.2.1 Die hoorders van die boodskap	65
3.2.2 Die tradisionele Christelike geloofswaarhede	67
3.2.3 ‘n Transendentale Christologie	73
3.2.4 Die vraag na die historiese Jesus	80
3.2.5 Jesus Christus in die nie-christelike godsdienste	90
3.2.6 Die kern van die Christelike geloof	91
3.3 Die weg van ‘n ‘eie genade ervaring’	93

3.3.1	Die mistiek van die alledaagse	94
3.3.2	Genade as ‘ervaringsmatige’ werklikheid	97
3.3.3	Gebed as deelname aan die mistiek van die goddelike liefde in die wêreld	102
3.3.4	Die ‘eie weg van genade’ in aansluiting by die logika van die eksistensiële kennis	107
4	BEOORDELING VAN RAHNER SE VOORSTEL	109
5	CALVYN SE VOORSTEL: DIE LOGIKA VAN DIE GELOOF STEL DIE VRAAG NA GEBED	124
5.1	Die vraag na ‘n Protestantse alternatief	124
6	GELOOF EN DIE ERVARING VAN GOD SE GOEDHEID	130
6.1	Gereformeerde ervaring in aansluiting by Calvyn	130
6.2	Calvyn as mens van sy tyd	136
7	DIE WEG VAN DIE OPENBARING	140
7.1	Die verbreking van die stilte: God stel Homself teenwoordig deur sy Woord en Gees	144
7.1.1	Gebed is meer as ‘selfgesprek’	144
7.1.2	Hoe hierdie waarheid vir die hervormers oopgaan in die herontdekking van die duidelikheid van die Skrif	146
7.2	Die hoorders hoort by die Woord	151
8	GEBED AS ERVARING VAN WIE GOD REGTIG IS	161
8.1	Die trinitariese begroning van gebed by Calvyn	162
8.1.1	Calvyn se kragtige pneumatologie	162
8.1.2	Christus se diens vir ons	168
8.1.3	God se vaderskap en gebed	178
8.1.4	Uitverkiesing, voorsienigheid en gebed	181
9	GEBED AS DIÉ OEFENING VAN DIE GELOOF	186

9.1	Gebed as ‘bede’ en ‘dank’	186
9.2	Geloof en heiliging in gebed	190
9.3	Gebed as deelname aan die amp van Jesus Christus	193
9.3.1	Deelname aan die profetiese amp van Christus	194
9.3.2	Deelname aan die koninklike amp van Christus	195
9.3.3	Deelname aan die priesterlike amp van Jesus Christus	197
9.4	Die gebedspraktyk by Calvyn	200
9.5	Die gemeente as ruimte vir die diens van gebed	203
10	DIE ‘ONS VADER’ GEBED LEER ONS DIE LOGIKA VAN DIE GELOOF	205
11	‘N GEREFORMEERDE LEER VAN	224
	RAHNER EN CALVYN	224
	BRONNELYS	233
	Summary	251

Dankwoord

Ek wil baie graag die volgende persone bedank wat 'n groot bydrae gelewer het in die afhandeling van hierdie proefskrif.

- My gesin, Heleen, Maureen, Chris en Johann.
- My ouers, ma Ria en pa Pieter. Pa wat gehelp het met die proeflees.
- Die NG gemeente Elspark
- Prof. Wethmar.
- Me. Thea Heckroodt van Merensky biblioteek
- Die hemelse Vader vir genade op genade.

Hierdie proefskrif word spesiaal opgedra aan Heleen. Dankie vir jou spesiale ondersteuning.

Inleiding en vraagstelling

Die tema van die studie is: *Die logika van die geloof: gebed as raakpunt tussen rasionaliteit en ervaring by Rahner en Calvin.*

Hoekom word die term ‘logika van die geloof’, gebruik? Om aan te sluit by die begrip logika wat gaan oor ‘n ‘juiste redenering’, gaan dit in hierdie studie oor die juiste redenering in aansluiting by die geloof.

Hoekom ‘n keuse om ‘n studie oor Rahner se teologie te onderneem? In die eerste plek omdat Rahner bekend staan as die teoloog wat ‘n eenheid beklemtoon tussen teologie en spiritualiteit. Dit sluit dus aan by die probleem van die skeiding tussen rasionaliteit en ervaring, of tussen geloofsleer en geloofslewe.

As ‘n mens Rahner se teologie begin lees, kom die vraag telkens op: is Rahner filosoof of teoloog? Rahner vra juis die vraag na teologiese redelikheid. Wanneer ‘n mens sy filosofiese, teologiese en geestelike geskrifte lees, kry ‘n mens ‘n kyk in die hart van vandag se mens. Op verskillende wyses, filosofies, teologies en deur middel van sy gebede, verwoord Rahner die ervaring van die mens van vandag; ons sou ook kon sê die moderne of post-moderne mens. Rahner vind aansluiting by hierdie ervaring. Hy neem juis ervaring as vertrekpunt om die saak van die Christelike geloof te stel. Teologiese redelikheid staan dus nooit los van die ervaring van menswees nie. So neem Rahner dan ook gebed as algemeen menslike verskynsel, as sleutel om opnuut die Geheimenis van God te ontdek. In gebed kom iets van ‘n verlore eenheid tussen God en mens, of tussen rasionaliteit en ervaring, weer tot stand; ‘n eenheid wat in die moderne wetenskaplike era verlore gegaan het.

Alhoewel Rahner se definisie van ervaring baie vaag mag wees en daarom kritiek mag ontlok, is ek van mening dat die aanvaarding van menswees vir Rahner sentraal staan. Volgens Rahner het die ‘logika van die geloof’ alles te make met die aanvaarding van menswees.

Hoekom ‘n studie oor Rahner en Calvin? Dit is maklik om Rahner se standpunt vanuit ‘n gereformeerde vertrekpunt te kritiseer; dis nie so maklik om die gereformeerde alternatief te stel nie. Kritiek funksioneer sterk op ‘n rasonale vlak; Rahner se hele betoog is dat die ervaringskant van die geloof afgeskeep word. Die bedoeling met die studie is om die vrae wat Rahner aan die teologie stel ook aan die eie tradisie te stel; die eie tradisie krities te bekyk vanuit die vrae van die moderne mens. Vandaar kyk ons na Calvin as ‘n belangrike verteenwoordiger van die gereformeerde tradisie.

Die vraag wat ons na aanleiding van Rahner se voorstel stel, is: Is 'n teologiese stelling alleen waar in soverre die mens dit ervaar of is 'n teologiese stelling waar omdat dit vir die geloof waar is? Meer toegespits gestel: Is 'n teologiese stelling waar in soverre dit die mens bring tot selfaanvaarding?

Dit bring ons by die vraag na die rol van ervaring in ons eie gereformeerde tradisie. Ons sou kon sê dat Calvyn by Rahner aansluit in die sin dat teologie en spiritualiteit ook by Calvyn 'n eenheid vorm. Vir Calvyn gaan Godskennis en mensekennis hand aan hand. Tog vind ons 'n beklemtoning by Calvyn wat ons by Rahner mis: die feit dat Calvyn onvoorwaardelik buig voor God in sy openbaring in Jesus Christus; ware mensekennis; ook ware selfaanvaarding is afhanklik van God se openbaring in die Skrif. Die logika van die geloof staan volgens Calvyn teenoor algemeen menslike ervaring en rasionaliteit.

Tog praat ons van gebed as raakpunt tussen rasionaliteit en ervaring. Daarmee word bedoel dat gebed as algemeen menslike verskynsel, heen wys na 'n antwoord. Hierdie antwoord is te vind in die Woord. Die logika van die geloof word bepaal deur 'n lewende gemeenskap met Jesus Christus soos bepaal deur sy Woord en Gees; gebed is onlosmaaklik deel van hierdie gemeenskap met Christus gewerk deur die Heilige Gees.

Om dus die ervaringsaspek van 'n openbaringsteologie uit te lig word gefokus op gebed. Gebed is dié oefening van die geloof. In Gebed kom geloofsleer en geloofservaring bymekaar; gebed is as *Urakt* van die etiek die eerste tree op die pad van dissipelskap. Ons sien dit veral in Calvyn se uitleg van die Ons Vader gebed waarmee die studie afgesluit word. Ons sien dat gebed 'n baie sentrale plek in Calvyn se teologie inneem. In Calvyn se gebede; veral die klem wat geplaas word op voorbidding kry ons 'n baie menslike beeld van Calvyn.

Deur middel van 'n vergelykende literatuurstudie tussen Rahner en Calvyn, word aangetoon dat gebed 'n verwaarloosde tema van die Gereformeerde teologie is en dat ons deur ons kennismaking met Rahner en Calvyn nie alleen 'n nuwe waardering kry vir die 'logika van die geloof' nie, maar veral vir gebed as integrale deel daarvan. Vanuit 'n gereformeerde gebedsleer kan ons sê gebed is die ervaring van wie God regtig is.

Kortliks 'n oorsig van die hoofstukke van die studie:

Hoofstuk 1 handel oor die skeiding tussen rasionaliteit en ervaring. Ons merk twee teenoorstaande standpunte in die gereformeerde teologie: die een standpunt word geformuleer vanuit die ervaring van die moderne mens en die ander standpunt berus meer op die geloofsleer. Die twee standpunte blyk moeilik met mekaar versoen te word.

Om krities te kyk na 'n eie gebedsteologie, kyk ons in *Hoofstuk 2* na Karl Rahner. Rahner se voorstel word as volg verwoord: Gebed stel die vraag na die logika van die geloof. In gebed as

algemeen menslike verskynsel ontdek Rahner iets wat in die teologie verlore gaan, naamlik menslike ervaring.

Hoofstuk 3 se opskrif is: Geloof en die aanvaarding van menswees. Die ontdekking word gemaak dat dit vir Rahner in ‘ervaring’ veral handel oor die ‘aanvaarding van eie menswees’. Rahner werk hierdie gedagte uit op verskillende wyses. Drie weë word onderskei: die weg van die metafisika, die weg van die Christologie en die weg van ‘n eie genade-ervaring in aansluiting by Ignatius van Loyola.

In *Hoofstuk 4* by die beoordeling van Rahner se voorstel, word die stelling gemaak dat Rahner ten spyte van sy kritiek op ‘n moderne rasionaliteit steeds gevange bly binne eie menslike subjektiwiteit. Die implikasie hiervan is onder andere dat gebed selfgesprek word. Rahner se voorstel eindig in die mistiek.

Hoofstuk 5 wys daarop dat dit nie vanselfsprekend is dat die Protestantse teologie ‘n alternatief bied op Rahner se voorstel nie. Dit word aangedui in ‘n vergelyking tussen Barth en Rahner. Ons sien dat ‘ervaring’ nie vreemd is aan die Protestantse tradisie nie. Kortliks word daar gekyk na Luther se teologie van die kruis.

Hoofstuk 6 ondersoek meer spesifiek die unieke klem en inhoud van die gereformeerde ‘ervaring’. Calvin wys daarop dat dit in die uitwerk van die verhouding tussen teologie en spiritualiteit om meer gaan as ‘n kennislerige probleem; dit gaan om die werking van God se Woord en sy Gees in sy openbaring.

In *Hoofstuk 7* word die weg van die openbaring voorgestel. God self verbreek die stilte, in aansluiting by die gedagte van die ‘stilte’ van die mistiek. Dat God die stilte verbreek verduidelik ons aan die hand van die gedagte van die ‘duidelikheid van die Skrif’. Die Hervormers herontdek die skrif as die lewende Woord van God. Dit sluit in die ‘hoorders hoort by die Woord’ en gebed is meer as selfgesprek.

In *Hoofstuk 8* word hierdie ontdekking van die Reformasie toegepas op gebed. Teenoor die oefening van Ignatius, wat aanleiding gee tot ‘n mistieke menslike ervaring, word gebed beskryf as dié beoefening van die sekerheid van die geloof. Calvin beklemtoon dit deur middel van die Trinitariese begroting van sy gebedsleer. Ook Calvin se sterk voorsienigheidsleer sluit hierby aan.

Hoofstuk 9 behandel ‘n afgeskepte deel van die gereformeerde gebedsleer, naamlik die praktiese diens van die gebede. Gebed is die beoefening van die geloof as deelname aan die ampte van Jesus Christus.

Hoofstuk 10: In Calvin se gebedsleer speel die uitleg van die Ons Vader gebed ‘n belangrike rol. Calvin het, in die verskillende uitgawes van die Institusie, telkens veranderinge aangebring aan

sy uitleg van die Ons Vader; hy het oënskynlik die logika van die geloof voortdurend aangeleer. Hierdie uitleg nooi ons ook om dissipels te word wat vra: 'Here leer ons bid'.

Hoofstuk 11 sluit af met die vraag: Is 'n teologiese stelling alleen waar in soverre die mens dit ervaar of is 'n teologiese stelling waar omdat dit vir die geloof waar is? Daar word gewys op 'n definitiewe verskil tussen die voorstelle van Rahner en Calvyn.

Sover moontlik is in die afdeling oor Rahner die Duitse bronne geraadpleeg. Weens die beskikbaarheid van die bronne moes daar egter ook van die Engelse vertalings gebruik maak. Dit is gedoen weens die beskikbaarheid van die bronne. Die afkortings wat gebruik word in die voetnotas word agter in die Bronnelys aangedui.